



Publication		
BEELD EIENDOM EN VEILINGS		
Page	Date	AVE (ZAR)
19	Fri 01 June 2018	13374.86



'n Kunstenaarsvoorstelling van hoe Vukile se Pinecrest-winkelsentrum in Pinetown in KwaZulu-Natal gaan lyk nadat dit teen 'n koste van R167 miljoen tot 45 200 m² vergroot is.

Vukile Property se dividend vir die jaar styg met 7,7%

Die Vukile Property Fund se dividend vir die jaar tot einde Maart 2018 het met 7,7% toegenem tot 168,82c per aandeel, danksy 'n sterk vertoning van die groep se Suid-Afrikaanse kleinhandelportefeulje in 'n uitdagende omgewing.

Die vertoning weerspieël ook Vukile se stewige balansstaat en entrepreneuriese transaksievermoë, wat tot sy strategiese uitbreiding in Spanje gelei het.

Laurence Rapp, uitvoerende hoof, sê dit was 'n mylpaaljaar vir Vukile, wat nou as 'n goeie gehalte, laerisiko- eiendomsbeleggingstrust (reit) in Suid-Afrika bedrywig is en 21% van sy bates in Spanje hou.

Vukile het die boekjaar afgesluit met totale bates van R23,3 miljard.

Dit behels R17,3 miljard (74%) in Suider-Afrika, R4,8 miljard (21%) in Spanje en R1,2 miljard (5%) in die Verenigde Koninkryk.

Die groep se plaaslike kleinhandelportefeulje bestaan uit 46 eiendomme met 'n waarde van R13,2 miljard en 'n bruto verhuuringsruimte van 810 000 m².

Vukile is tans besig met die herontwikkeling van sy Maluti Crescent Mall in Phuthaditjhaba in die Vrystaat teen



Die vertoning weer-spieël Vukile se entrepreneuriese vermoë wat tot sy strategiese uitbreiding in Spanje gelei het.

— LAURENCE RAPP, UITVOERENDE HOOF VAN VUKILE

R367 miljoen.

Wanneer dit in April 2019 voltooi is, sal dit die grootste moderne winkelsentrum in die gebied wees.

Ook word sy Pinecrest-winkelsentrum in Pinetown in KwaZulu-Natal teen 'n koste van R167 miljoen tot 45 200 m² vergroot van 40 100 m².

In Spanje maak die groep uitstekende vordering met sy Spaanse filiaal Castellana, waarin hy 'n belang van 98,7% hou.

Teen die einde van die boekjaar het Castellana 'n portefeulje met 'n bruto verhuuringsruimte van 173 000 m² gehad. Altesame 92% was kleinhandel-eiendom.